

18 Mei 2020 - Afrikaans Huistaal: Graad 4: Werksoef. 2.1

MEMORANDUM (Skryf en aanbied / 15 Mei 2020) Vra vir iemand wat goed kan spel om jou sinnetjies deur te lees en al die spelfoute vir jou te merk. Skryf hulle dan reg oor.

Lees die storie noukeurig deur:

Die de Bruins woon in Bloemfontein. Hulle het 'n groot huis langs die Modderrivier. Daar is ses slaapkamers, 'n groot moderne kombuis, 'n sitkamer, 'n eetkamer en twee badkamers. Meneer de Bruin het ook 'n studeerkamer. Mevrou de Bruin maak klere. Johan, Sanette en Janie woon saam met hul ouers.

Johan is elf jaar oud. Sanette en Janie is nege jaar oud en 'n tweeling. Sanette en Janie is in Graad 4 en geniet die skool baie. Elke oggend trek hulle, hul skoolklere aan. Meneer de Bruin neem die kinders skool toe.

In die middag speel Johan sokker, Janie speel netbal and Sanette speel hokkie. Mevrou de Bruin kom haal die kinders om drieuur.

Elke aand eet hulle saam om die tafel in die eetkamer. Na ete kyk die gesin televisie of lees 'n gunsteling boek. Die kinders gaan om agtuur slaap.

Die gesin het twee honde, 'n kat en 'n wit muis. Die twee honde slaap buite in 'n groot hondehok en die muis slaap in sy hok op Johan se lessenaar. Wollie, die kat, slaap op Sanette se bed.

In die vakansie baljaar die kinder lekker in hul swembad. Hulle geniet hulle pragtige tuin met sy baie voëls en skoenlappers.

Beantwoord die vrae in vol sinne:

1. Waar woon die de Bruins?
2. Wie speel hokkie?
3. Wat doen die kinders in die vakansie?
4. Waar slaap die honde?
5. Hoeveel kamers is daar in die de Bruin se huis?
6. Voltooi die tabel:

	Meervoude	Verkleinwoorde
hond	honde	Hondjie
kamer		
muis		
voël		
boek		
motor		
tuin		

7. Vul die ontbrekende VOORSETSELS in:

7.1 Hy sit \_\_\_\_\_ die stoel.

7.2 Die kussing is \_\_\_\_\_ haar bed.

7.3 Die honde slaap \_\_\_\_\_ 'n hondehok.

7.4 Die voëltjies bou hulle nessies \_\_\_\_\_ bome.

OP

IN

PER

VAN

MET

7.5 Die kos is \_\_\_\_\_ die stoof.

7.6 Hulle ry \_\_\_\_\_ motor skool toe.

7.7 Ek hou \_\_\_\_\_ roomys.

7.8 Hulle praat \_\_\_\_\_ mekaar.

8. Skryf die woorde in die regte blokkie:

tandepasta  
konfyt  
skoene  
das  
serp  
waslappie  
seep  
kussing  
yskas  
oond  
stort  
kastrolle

**BADKAMER**

**KOMBUIS**

**SLAAPKAMER**

9. Skryf elke sin in die VERLEDE TYD:

Voorbeeld: Die kinders vang die bal.  
Die kinders het die bal gevang.

9.1 Johan speel met sy hond.

9.2 Janie eet die appel.

9.3 Sanette swem in die swembad.

9.4 Ma maak klere.

10. Skryf vyf sinnetjies oor jou gesin: